Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

Junie 2008
Jaargang 101 Nommer 3

In hierdie uitgawe

- Bl 1 ’n Getuienis aan die owerheid (Die drie susterkerke)
- Bl 2 **Van die redakteur, prof Piet Geyser:** Hoe God ons vorm
- Bl 3 **Kerk en wêreld**
  Gemeentes gerig op die wêreld (Dr Wim Dreyer)
- Ble 4-5 **Op die kerkwerf**
  Die MRCC sê dankie (Ds Joseph Motloba)
  Kerk op die voorposte (Ds Etienne Fourie)
- Bl 6 **Wat kerknuus aanbetref**
  Philadelphia maak ’n verskil
  Lien Frylinck 18 April 1917 – 8 Mei 2008 (Mev Louise Geyser)
  45ste NHSV Nasionale Kongres 2008
- Bl 7 **Gespreksforum**
  ’n Skat in kleipotte (Anonieme predikant)
  Nuus uit Zimbabwe (Rinus Graü)
- Agterblad **Oordenking**
  Die vuur wat lewe bring (Ds Monja-lise van Belkum))

’n Getuienis aan die owerheid

Tydens bilaterale gesprekke tussen die onderskeie kerke het **aldrie kerkgenootskappe** ooreengekom om ’n getuienis op te stel oor die huidige onrusbarende situasie in ons land. Die getuienis is aan die adres van die Staatspresident en die owerheid gestuur, en dit is deurgegee aan die openbare media. Onder andere doen hulle die volgende beroep op die Staatspresident en die regering:

Namens miljoene Christene in Suid-Afrika (75% van die bevolking) wil ons u versoek om drastiese stappe te neem om kragtens die Grondwet wet en orde te herstel. Ons verseker u van ons voorbidding vir u as owerheid. Hoor die noodkreet van die grootste deel van die bevolking van Suid-Afrika voordat dit te laat is!

Maar hulle rig ook ’n versoek aan die burgers van die land:

Talle mense is getraumatiseer en ly. Baie mense leef in armoede, vrees en onsekerheid. Pessimisme heers onder ’n groot deel van ons bevolking. Ons doen ’n beroep op alle mense in Suid-Afrika om saam te werk om die euwels in ons samelewing te beveg. Ons wil lidmate van ons onderskeie kerke en alle medegelowiges aanspoor om, juis in moeilike omstandighede, soveel te meer sterk te wees in ons geloof, en ons vertroue in God te plaas. In die eerste en laaste instansie is ons lewe en toekoms in sy hand. As gelowiges moet ons onder alle omstandighede in verantwoordelikheid voor God leef. Handhaaf die waardes en deugde wat die Woord van God ons leer. Bemoedig, vertroos en ondersteun mekaar. Bid vir en help diegene wat swaarkry. Bid dat God aan hulle wat oor ons regeer, wysheid sal gee. Mag God dit so beskik dat ons in hierdie pragtige land in vryheid en vrede mag leef!

’n Skat in kleipotte

Jesus Christus het die lig in ons duisternis gebring, ’n skat wat ons moet bewaar en uitleef. Maar ons is broos en kwesbaar, kleipotte wat maklik breek. En dan, te midde van die vernietiging en die pyn, is daar die krag wat alles oortref, en dit kom van God af. So getuig ook die belydenis van ’n anonieme predikant van ons Kerk nadat hy en sy vrou in hulle huis oorval en aangerand is. Hy skryf onder meer soos volg:

Die advies *vergewe hulle* is maklik om te gee, maar moeilik om in die praktyk te verstaan of toe te pas. Om die kwaad kwyt te skeld of dit nie vir hulle toe te reken nie, is ’n saak wat baie vrae oproep. So moes ek myself afvra: Beteken dit nou dat, indien die bende gevang word, ek nie teen hulle moet getuig nie? Want as ek teen hulle getuig, is dit tog omdat ek wil hê dat hulle skuldig gevind word en vir die kwaad gestraf moet word. Maar dan het ek mos nie werklik vergewe nie! En sou ek dit nie doen nie, sodat hulle met hulle misdade voortgaan (tot 70 x 7 keer?), word ek nie self dan skuldig teenoor die volgende slagoffer nie? Dit lyk vir my te maklik om net te sê: *Vergewe hulle.* Miskien sou dit goed wees indien iemand in die Kerk ’n keer die probleem van vergifnis in ons misdaadkonteks goed ondersoek en vir ons wys hoe dit prakties gedoen moet word.

Die oorheersende gevoel wat ons het, is dankbaarheid teenoor God en ons naastes. Dit maak dit maklik om voort te gaan met ons daaglikse lewe en bedrywighede. Die hand van God waarin ons mag leef en die gemeenskap van gelowige mense waarvan ons deel is, het ons een ding deeglik laat besef: Al die moord en doodslag, al die haat en geweld van die misdadigers in ons land sal nooit die ordentlikheid, beskaafdheid, sorg en liefde vernietig wat uit die geloof groei nie.